

Maandag 26 Julie

Skrifgedeelte: Hooglied 6:4 – 7:9

Fokusgedeelte: Hooglied 6:8-9

... En sy unieke bruid

Die bruid in die beeldspraak van Hooglied wat in haar liefde liries die voorkoms en edele karakter van haar een en enige bruidegom besing, word deur hom op sy beurt getipeer. Sy is Salomo se Sulamitiese bruid (6:13), waarskynlik afkomstig van 'n gebied noord van Jisreël. Hy het vroeër reeds by herhaling verklaar dat sy sy hart gesteel het (4:9), dus sy “hartedief” is. Die vroue van Jerusalem noem haar skoonste onder die vroue (6:1). En die koninklike bruidegom noem in ons fokusverse (6:8-9) dat sy – tussen 60 koninginne, 80 byvroue en jong vroue sonder tal – onder alle vroue vroue uniek is: “... maar sy, my duif, my volmaakte, is *enig* ...”. Koninginne en byvroue en jong vroue sing haar lof toe. Die een en enige bruidegom tipeer in hierdie gedeelte (6:4-7:9, met die uitsondering van 6:13 en 14) sy unieke bruid oor wie hy sing en wat hy hartstogtelik liefhet, in liriese taal 'n loflied op haar voortreflikheid en unieke skoonheid.

Uit hierdie tipering van die bruid, net soos dié van die bruidegom in die vorige oordenking, kom die tipologiese perspektief na die Nuwe Testament in sig: die kerk is die beeld van die unieke vrou, die bruidskerk van die hemelse Bruidegom, Jesus Christus, eniggebore Seun van die een enige God. Wat 'n ereplek by God; wat 'n kragtige troos vir haar in die wêreld! Die woord *kerk* hou verband met die Griekse woord *kurios* wat *heer* beteken. *Kerk* beteken van die Here / wat aan die Here behoort.

As gelowiges in kerkgemeenskap saam behoort ons die gestalte te vertoon van die bruid van ons hemelse Bruidegom wat ons roep. Dié unieke vrou mag nooit 'n bespotting word nie.

Sing: Psalm 45-1:9, 10; Psalm 45-2:9, 10

Dr. JP Bingle (Johannes) (Emeritus)